# H O O F S T U K VIII.

## DIE ONDERWYS OP ZOUTPANSBERG EN PRETORIA TOT 1858.

### 1. DIE ONDERWYS OP ZOUTPANSBERG 1848-1858.

#### a. Die Stigting van die Nedersetting, Zoutpansberg. (Schoemansdal.)

Die blanke bewoners van Transvaal het hulle geleidelik oor die land versprei. Eers was dit in die dele van Potchefstroom en Suikerbosrand en daarna Magaliesberg en Marico. In 1845 het die nedersetting in die Ohrigstad-Lydenburgse gebied plaasgevind.[1] Maar ook hierdie gebied sou die rustelose Trekkerleier, A.H. Potgieter, nie tevrede stel nie. As handelsoord was dit nutteloos. Delagoabaai was van die Trekkers afgesny deur 'n ringmuur van tsetsevlieë. Malaria het straf geheers en die dorp Ohrigstad was kwesbaar geleë te midde van vyandige kafferstamme. Boonop het Potgieter se mag hier begin kwyn. Hy het gevolglik sy hoop begin vestig op beter handelsbetrekkinge met Inhambane vanaf Zoutpansberg.[2] Potgieter was met die gebied nie onbekend nie, maar op 12 Julie 1847 het hy weer op 'n verkenningstog vertrek om te gaan ondersoek instel of Inhambane wel bereikbaar is vanaf Zoutpansberg.[3]

Potgieter was tevrede.

Gedurende die eerste dae van November 1847 is in Potchefstroom besluit om in die Zoutpansbergse omgewing 'n dorp te stig op 'n plek waar Potgieter dit die geskikste sou ag.[4]

In die begin van 1848 het Potgieter se

volgelinge/.

---

1. Vgl. Hoofstuk VI.
2. Potgieter en Theunissen, t.a.p., 173.
3. Ibid., 177.
4. Engelbrecht: Die Ned. Herv. Gemeente Pietersburg (Zoutpansberg.) 1852 - 1952, 8.
   Kruger, t.a.p., 110 - 111.

volgelinge hulle laaste trek na Zoutpansberg aanvaar en Zoutpansberg, later Schoemansdal genoem, gestig.[1] Die dorp was geleë aan die voet van die Zoutpansberg, ongeveer 12 myl ten Noord-Weste van waar die huidige Louis Trichardt geleë is.[2]

Geleë in 'n vrugbare streek, het die aanleg gou ontwikkel, veral omdat dit die middelpunt geword het van 'n bloeiende handel in ivoor, huide en vere tussen die Noorde, die Suide en die Ooste.[3] Maar ook Zoutpansberg was baie ongesond. Die geelkoors het meermale swaar offers geëis. Ook was die bevolking in voortdurende gevaar om deur die omliggende kafferstamme vermoor te word sodat die dorp self voorsien moes word van dubbele skanse.[4]

Die plaaslike owerheid, waarin Potgieter as Kommandant-generaal die leiding gehad het met A.C. Duvenhage as eerste landdros, het alles in hul vermoë gedoen om die streek vooruit te help.[5] Dit was spoedig 'n welvarende gebied.[6] Tog is hier niks gedoen om beter onderwysgeleenthede te skep as waarmee die Trekkers op hulle lang trekpaaie tevrede moes wees nie.

b. Die Kerklike ontwikkeling en Kerklike hulp aan die Onderwys.

Kerklik was die hele Transvaal nog een gemeente, die gemeente Potchefstroom. So het A.H. Potgieter self op/.....

---

1. Wichman, t.a.p., 64.
   Van der Merwe: Die Voorgeskiedenis van die Republiek Lydenburg, 58.
2. Potgieter en Theunissen, t.a.p., 203.
3. Ibid., 204.
4. Engelbrecht, t.a.p., 9.
5. Ibid.
6. Preller: „Stigting en Verwoesting van Schoemansdal," in Die Vaderland, 13 Des. 1940.
   Preller: Voortrekkermense, IV, 145 - 146.

self op 21 Desember 1848 'n kind van hom laat doop op Magaliesberg en is die naam in die Potchefstroomse doopregister geskryf.[1]

Nadat Magaliesberg in 1850 'n selfstandige gemeente met die naam Rustenburg geword het, het Zoutpansberg 'n deel geword van die Rustenburgse gemeente.[2]

Kort na hul vestiging op Zoutpansberg, het die plaaslike owerheid daar een ouderling en twee diakens as kerkraadslede benoem. Hulle het die geestelike bearbeiding op hulle geneem, hoewel hulle nog nie bevestig was nie.[3]

In 1852 was Ds. A. Murray (Jnr.) en Ds. J.H. Neethling van die Kaapse Sinode in Transvaal en het ook Zoutpansberg besoek. Daar aangekom, het die predikante die toestande soos volg aangetref:[4]

,,De bewoners van Zoutpansberg hadde hunne woningen geheten onder opzigt van zekeren bastaard en zyne onderhoorigen, en waren nu op een afstand van bykans twee uren te paard in Z.O. rigting op't vlakke veld gelegerd. Zy deden dit omdat het dorp, wat laag gelegen, meer onderhevig werd beschouwd aan de gele koorts".... . . Hier het tussen vier-en-vyfhonderd mense die dienste bygewoon. Ses-en-vyftig kinders is gedoop, (twee van hierdie kinders was nege en een dertien jaar oud). Die drie kerkraadslede is opnuut as sodanig gekies, maar nie bevestig nie. Vier-en-twintig persone van die 40, wat hulle aangebied/.....

---

1. Engelbrecht, t.a.p., 8.
2. Ibid., 9.
3. Ibid., 9.
4. Spoelstra, t.a.p., 121.

bied het vir die aflegging van die geloofsbelydenis, is aangeneem.[1] Die feit dat slegs 24 van die 40 aannemingskandidate aangeneem is, dui daarop dat selfs die algemene onderwys van die dae hier op Zoutpansberg nie tot sy reg gekom het nie.

In sy reisjoernaal skryf Ds. J.H. Neethling verder:[2]

„ De lieve kindertjies, die ons, toen wy door landdrost en heemraden naar de kerk waren geleid, de hand kwamen geven, wekten by my het denkbeeld op, de ouders te vragen, dat ik ze al te zamen over een uur by my mogt hebben. Ik wilde zien, of men te Zoutpansbergen de kinderen onderrigt, of ze verwaarloost. Spoedig had ik twee-en-twintig kinderen van 6 tot 13 jaren. Bykans de gansche gemeenten, benieuwd om te weten, wat ik met de kleinen voor had, was hen gevolgd, en dus was er een ruim veld my ge-opend, ter aanmoediging, of, waar noodig, ter bestraffing. Tot myne vreugde echter bevond ik, dat meer dan de helft der aanwezige kinderen, met meerdere of mindere vlugheid, lezen kon, dat ze allen eenig onderwys hadden genoten."

Die Kerkraad van Rustenburg het op 30 April 1852 besluit dat Zoutpansberg die volle vryheid sou hê om hom as selfstandige gemeente te organiseer, en as sodanig het Zoutpansberg hulle dan ook beskou vanaf daardie datum.[3]

In 1854 het Ds. Dirk van der Hoff, predikant van

Transvaal/......

---

1. Spoelstra, t.a.p., 121.
2. Ibid., 122.
3. Engelbrecht, t.a.p., 11.

Transvaal, met standplaas Potchefstroom, ook Zoutpansberg besoek.

Op Saterdag, 1 April 1854, het die eerste Kerkraadsvergadering, met Ds. van der Hoff as voorsitter, plaasgevind. Die getal kerkraadslede is verdubbel en bevestig, 41 kinders is gedoop en 56 lidmate het belydenis van die geloof afgelê.[1]

Ds. van der Hoff het ook hier, soos elders in die Oorvaalse gebied, die onderwys aangepak. In die notuleboek van die Zoutpansbergse Kerkraad vind ons die volgende genotuleer onder datum 2.4.1854:

„Verder brengt de leeraar aan de Kerkeraad onder de aandacht de noodzakelykheid van een onderwyzer der jeugd in hun midden te hebben en maakt hun bekend dat er gelegenheid bestaat uit Holland eenen zoodanigen onderwyzer te ontbieden; waarop besloten wordt dat de leeraar gemagtigd zal worden een onderwyzer te ontbieden tegen een jaarlyksch vast salaris van vyftig ponden sterling, benevens vrye woning. De Kerkeraad waarborgt de helft van dit salaris en de Heer Duvenhage, landdrost dezer gemeente, de andere helft, benevens te zorgen voor vrye woning."

Verder is hier dieselfde reëlings getref vir die instandhouding van 'n skool soos wat onder leiding van Ds. van der Hoff op Potchefstroom getref is. Ongelukkig is ook hierdie entoesiastiese begin van Ds. van der Hoff in die kort daaropvolgende struwelinge vernietig.[2]

Die dorp het in die beginjare baie snel gegroei, want in 1855 het dit reeds bestaan uit 278 huise met 'n bevolking/...

---

1. Engelbrecht, t.a.p., 11.
2. Lugtenburg, t.a.p., 60.

'n bevolking van 1800 siele.[1] Die Kerkraad het in 1856 'n begin gemaak met die bou van 'n kerk. In 1857 was dit voltooi en op Sondag, 20 Julie 1858, is dit onder leiding van Ds. P. Huet wat deur die Kaapse Sinode gestuur is om Lydenburg te bearbei, en wat toe ook agt weke in Zoutpansberg deurgebring het, ingewy.[2]

Ook Ds. Huet het hom die saak van die onderwys aangetrek, en gedurende sy kort verblyf daar, het hy geen moeite ontsien om die kinders 'n weinig kennis mee te deel nie. Daagliks het hy vir 50 tot 60 kinders skoolgehou, Saterdae nie uitgesonderd nie.[3] Hier, soos op Potchefstroom, moes die kerkgebou ook diens doen as skoolgebou.

Toe daar in 1858, na die vertrek van Ds. Huet uit Zoutpansberg stemme opgegaan het om hom te beroep, het die Uitvoerende Raad dit in September op 'n sitting waar Kommandant-Generaal Schoeman ook aanwesig was, afgekeur.[4]

Zoutpansberg is van nou af gereeld elke jaar deur 'n predikant besoek; in 1859 deur Ds. Dirk van der Hoff, in 1860 deur Ds. I.A.C. van Heyningen en in 1861 deur Ds. A.J. Begeman.[5]

As daar nie 'n besoekende predikant was nie, het die ouderlinge op verskillende plekke godsdiensoefening gehou en die jongmense vir die aanneming voorberei. Daar is by die aanneming van nuwe lidmate streng te werk gegaan om die peil van kennis te verhoog en dit sou steeds die grootste

aansporing/...

---

1. Lugtenburg, t.a.p., 60.
2. Engelbrecht, t.a.p., 13.
3. Lugtenburg, t.a.p., 61.
4. Engelbrecht, t.a.p., 14.
5. Ibid., 15.

aansporing tot die onderwys bly. In 1861 het die Kerkraad besluit om niemand toe te laat „ behalve die het geheele Kort Begrip van't begin tot het einde geleerd hebben."[1]

In 1864 het die gemeente Zoutpansberg egter eers hulle eerste predikant gekry toe Ds. N.J. van Warmelo op 30 Julie daar bevestig is.

Ook hierdie predikant het geen moeite ontsien om die onderwys te bevorder nie. Op 16 September 1864 skryf Mev. van Warmelo as volg aan haar skoonmoeder in Holland: „ ......Vooral op het jonge geslacht kan het meeste gedaan worden. Daar de groote menschen zoo slecht lezen en schryven, heeft myn beste man het besluit opgevat, de kinderen buiten catechiseren nog wat anders te leeren, daarom houdt hy nu de eersten dagen der week in de morgenuren school in de kerk. Dat is voor hem eene groote opoffering, maar zyn goed hart en ware belangstelling heeft hem dat besluit doen nemen. Ik heb ook al eenige leerlingen in het breyen, en heb plan nu borduren te leeren."[2]

Hoe lank Ds. van Warmelo hiermee volgehou het, is nie bekend nie, maar Zoutpansberg sou tot 1865 sonder 'n opgeleide onderwyser bly.

c. <u>Die Onderwys self</u>.

In die vyf dorpe wat in 1858 in die Transvaal bestaan het, nl. Potchefstroom, Rustenburg, Zoutpansberg en Pretoria, was die onderwystoestande nêrens heeltemal so treurig as op die afgeleë Zoutpansberg nie/.......

---

1. Engelbrecht, t.a.p., 15.
2. Hierdie brief is opgeneem in die Almanak van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, 1944, 107.

nie. Tog is dit in dieselfde omgewing, iewers aan die voet van die Zoutpansberg, waar Daniël Pfeffer, huisonderwyser by die trek van die voorste Voortrekker Louis Trichardt, die eerste skool in Transvaal gestig het.[1]

Ook rondgaande- of huisonderwysers was hier blykbaar baie skaars. Ons weet wel dat Jan Holberg, ook maar swak geleerd, wat vroeër in die Ohrigstadse gebied werksaam was as huisonderwyser, in 1848 saam met die geselskap van Hendrik Potgieter na Zoutpansberg getrek het.[2] Ons kan veilig aanneem dat hy sy werk daar in stilte gedoen het, maar ons kan geen besonderhede van sy werk in Zoutpansberg opspoor nie. Ook is weinig bekend van ene Jacobus Nel, behalwe dat hy in daardie dae daar bekend was as 'n onderwyser.[3]

Die eintlike persoon wat bedoel was as onderwyser in Zoutpansberg, nl. die heer H.T. Bührman, het hom nie tot die onderwys aangetrokke gevoel nie. In stede van skool te hou, het hy Potgieter probeer beweeg om hom te versoen met Ohrigstad.[4] As selfbenoemde vredemaker onder die Boere-leiers het hy Zoutpansberg egter gou weer verlaat en van een plek na die ander beweeg. In stede van skool te hou, sou hy die onderwys in Transvaal veel skade aandoen deur sy inmenging in sake waarvan hy geen deeglike begrip kon gehad het nie. Sy latere bondgenootskap met die twee onderwysers, van der Linden en Spruyt van Potchefstroom en Rustenburg, sou ook lei tot

die vroeë/....

---

1. Vgl. Hoofstuk II.
2. Vgl. Hoofstuk VI.
3. Potgieter en Theunissen, 205.
4. Vgl. Hoofstuk III.
   Stuart, t.a.p., 193.
   Wichman, t.a.p., 36.
   Potgieter en Theunissen, 214.

die vroeë einde van daardie twee skole.[1)]

Toe die eerste drie opgeleide onderwysers, nl. van der Linden, Spruyt en Loen in 1851 uit Holland in die Transvaal aangekom het, was daar nooit sprake om een van hulle in Zoutpansberg te plaas nie.

Daar was ongetwyfeld genoeg kinders om een of meer onderwysers te regverdig. Na die mislukte Bührman-episode was hierdie afgeleë Boere blykbaar tevrede met die onderwystoestand waaraan hulle reeds gewoond geraak het. Hulle moes hulle kinders self geleer het, soos die algemene gebruik in die dae was. Moontlik was daar meer huisonderwysers as die genoemde Jan Holberg en Jacobus Nel. Dat die toestand egter treurig was hier op Zoutpansberg, blyk uit die feit dat Ds. Huet en Ds. Van Warmelo albei self onderwys aan die kinders gegee het.

Van die opdrag wat die kerkraad in 1854 aan Ds. van der Hoff gegee het, nl. om 'n onderwyser uit Holland te kry, het in die praktyk niks gekom nie.

Die toestand het onveranderd gebly tot in 1865 toe ,,meester van Boerschoten, 'n regskape en bekwame persoon,"[2)] as onderwyser en voorleser in die kerk, deur bemiddeling van Ds. van Warmelo, die onderwys onder sy sorg geneem het.

## 2. Die Onderwys op Pretoria, 1855 - 1858.

### a. Die Stigting van Pretoria

Die stigting van Pretoria in 1855, met die doel om 'n sentraalgeleë sentrum vir die regering en plek van byeenkoms vir die Volksraad te vind, dui op/...

---

1. Vgl. Hoofstuk V en VII.
2. Engelbrecht, t.a.p., 47.

dui op 'n mate van groei en veral van eenheidstrewe in hierdie vroeë geskiedenis van die Z.A.R.

Kort na sy verkiesing as Kommandant-generaal en opvolger van sy vader, het M.W. Pretorius in 1853 'n sentraal-geleë plaas langs die Apiesrivier van die here J.J. Prinsloo en A. van der Walt gekoop vir 8000 riksdalers, met die doel om daar 'n dorp te stig wat as middelpunt moes dien in die Transvaalse gebied.[1)]

Op 'n byeenkoms van Kommissie- en Krygsrade op 9 Augustus 1853, het M.W. Pretorius en Piet Potgieter albei verskyn om die raad te versoek „ om de zittingplaats des Volksraads te bepalen in't midden des lands, terwyl dit tot groter gemak der gehele bevolking strekken zou."[2)]

Hierdie Kommissierаad het die versoek verwys na die Volksraad wat die volgende September in Lydenburg sou sit.[3)]

In 'n brief gedateer te Magaliesberg, 23 Augustus 1853, het Pretorius sy saak aan die Volksraad gestel en die Volksraad versoek om „ gezegde plaats of dorp dan niet te benoemen, de naam die het zal krygen aan ons te late, en als wy er ryplyk over gedacht zullen hebbe, zal wy het de Ed. Volksraad behoorlyk kennis van geven."[4)]

Ook is 'n memorie, gedateer te Zuikerboschrand, 1 September 1843, en onderteken deur 17 persone ingedien met dieselfde versoek, nl. om op 'n sentraal-geleë plek 'n dorp aan te lê waar die Raad gereeld/....

---

1. Wichman, t.a.p., 148.
   Preller: Ou Pretoria, 49.
2. Preller, t.a.p., 48.
3. Ibid.
4. V.R. 310/53.

geroeld byeen kon kom.[1]

Pretorius se versoek is egter van die hand gewys.

In die November-sitting van die Volksraad het die Kommandant-Generaal weer sy versoek herhaal, maar Pretorius se voorstel was van 'n te ingrypende aard om inderhaas afgehandel te word.[2] Die Volksraad wat as liggaam die eerste voordeel daaruit sou trek, het blykbaar die nodigheid van so 'n nuwe dorp nie ingesien nie en sy lede het met ewe veel gemak en tyd op en af gereis tussen die bestaande plekke.[3]

In Junie 1854 toe die Volksraad egter in Rustenburg vergader het, verskyn daar op die agenda 'n „ kennisgeving van de Kerkeraad om 'n afzonderlike gemeente te stichten op de aangekochte plaats Elandspoort."[4]

Nou het M.W. Pretorius die kragtige steun van die Kerk gehad en sy saak is hiermee ook aansienlik bevorder, want in die Volksraadnotule, Potchefstroom, van 15 Nov. 1855, art. 70, lees ons:

„ Voorgekomen den Kommandant Generaal M.W. Pretorius, vragende of de twee door Zyn Ed. gekochte plaatsen......voor een dorp kunnen worden aangenomen. De Ed. Raad keurt dit voorstel goed en neemt die twee plaatsen aan tot een dorp onder benaming van Pretoria."

Hierdie datum word dan ook aanvaar as die stigtingsdatum van Pretoria,[5] vroeër ook bekend as Pretorium, Pretoriusstad, Pretoriusdorp en Pretoria-Philadelphia.

Vanaf/.......

1. V.R. 318/5.
2. Wichman, t.a.p., 148.
3. Preller, t.a.p., 53.
4. Ibid.
5. Engelbrecht, e.a. Eeufees-album van Pretoria, II.

Vanaf 1856 is Pretoria ook aanvaar as die „ Zetel van het Gouvernement."[1]

Pretoria se eerste landdros Philip Bronkhorst, is in 1856 opgevolg deur landdros Andries F. du Toit,[2] wat hom in besonder sou beywer vir die onderwys.

b. Die Kerklike ontwikkeling en die Onderwys.

Pretoria het gedurende die eerste paar jaar maar langsaam ontwikkel.[3] Selfs die kerkgebou, waarmee gedurende 1854 begin is, is eers op 22 Februarie 1857 deur Ds. van der Hoff ingewy.[4] Tydens hierdie plegtigheid het Ds. van der Hoff 114 kinders gedoop en 70 nuwe lidmate aangeneem.[5] Die gebied moes dus taamlik dig bevolk gewees het.

Pretoria was egter die enigste dorp waar die onderwys tydens die beginjare nie onder beskerming van die kerk geneem is nie. Die Kerkraad het hom hier nie die saak van die onderwys aangetrek nie. Na die moeilikhede tussen Ds. van der Hoff en die onderwysers van Potchefstroom en Rustenburg, het Ds. van der Hoff blykbaar nou die onderwys-reëling aan die Staat oorgelaat.

c. Die Onderwys self.

Die voorgenoemde 70 aannemelinge dui weer daarop dat hulle minstens die algemene onderwys van die dae moes geniet het. Maar ons weet van geen huisonderwyser wat in daardie omgewing die ouers behulpsaam was met die onderwys nie.

Die onderwys op Pretoria het ook 'n besondere gang geneem, verskillend van die ander reeds behandelde/...

1. Notule van die Kommissieraad, Pta., 27-30 Mei 1856, art. 3.
2. Preller, t.a.p., 59.
3. Preller, t.a.p., 57.
4. R 67/54.
5. R 1362/57.

behandelde dorpe. Die mate van vooruitgang wat daar was sedert die stigting van Potchefstroom in 1838, en die stigting van Pretoria in 1855, blyk duidelik uit die vroeë onderwysgeskiedenis van Pretoria.

Die ontferming van die Kerk oor die onderwys was hier nie nodig nie. Die Staat het sy pligte t.o.v. die onderwys beter aangevoel en was in 'n beter posisie om daar uitvoering aan te gee. Dit was nou reeds die tyd toe die Staat self 'n onderwyser vir Potchefstroom probeer kry het.[1)]

Vroeg in 1857 is A. Du Toit aangestel as landdros in die plek van Phillip Badenhorst.[2)] Onmiddellik na sy aanstelling het hy, te midde van vele ander pligte, die leiding i.v.m. die onderwys geneem.

Op 11 April 1857 skryf hy reeds aan President Pretorius:[3)] ,, Zegt my ook of U Ed. voor Pretoria een Govt. meester zal geeven, en wat de salaris zal zyn, en of ik de heer Struben daartoe kan recommendeeren, want ik vreês dat de oude man zal verlaten door armoed."

Op hierdie brief is blykbaar nie geantwoord nie en op 20 April vra Landdrost Du Toit weer: ,, Geef me ook een onderwyzer van een school en een onderwystractement." [4)]

Daar was blykbaar baie vertraging. Onderwysers was skaars. Potchefstroom was ook nog sonder een en die enigste beskikbare, nl. A. Scheurkogel, is op Potchefstroom geplaas.

Ondertussen/....

---

1. Vgl. Hoofstuk V.
2. Ploeger, t.a.p., 59.
3. R 1453/57.
4. Lugtenburg, t.a.p., 56.

Ondertussen was daar geen skool nie en Struben was skynbaar nie langer beskikbaar nie. Landdros du Toit was desperaat, want op 25 Oktober 1857 skryf hy weer aan Pres. Pretorius:[1]

„Myn waarde vriend,. zend toch een onderwyzer voor de arme jeugd. God zal hun zielen van ons eischen, om hun in de diepe onkunde te doen voortgroeijen."

Hierna maak du Toit nie weer melding van die dringende behoefte aan 'n onderwyser nie. Lugtenburg beweer dat daar vanaf 1858 ook in Pretoria voorlopig voorsiening gemaak is.[2] Ons kan egter geen gegewens vind oor 'n skool voor 1864 nie. In daardie jaar het ene Hendrik Vermeulen getrek uit sy huis wat op 'n hoek van Kerkplein, naby die kerkgebou, gestaan het, en „Vermeulen se woonhuis werd omgesit in 'n skool, die eerste in Pretoria, waar Hendrik Stiemens die plaaslike hoop des Vaderlands, ingelei het in die geheime van lees en skryf."[3]

---

1. R. 1767/57.
2. Lugtenburg, t.a.p., 56.
3. Preller, t.a.p., 65.